# Nuus

JUNIE 2015



SIZA-LEDETAL 1
OOREENKOMS TUSSEN SIZA EN SEDEX 2
BSCI SE STANDPUNT OOR DIE ERKENNING VAN SIZA 2
SIZA DATA PLATFORM 2
SIZA-PROGRAM VIR DIE ERKENNING VAN ARBEIDSMAKELAARS 3
SIZA KAPASITEITSBOU PROGRAM 3
SIZA VISA PROGRAM 4
OMGEWINGSRAAMWERK 5


Die SIZA-ledetal neem geleidelik toe en teen einde Mei het die SIZA-ledetal op 1341 gestaan. Die opgraderings aan die Data Platform is amper voltooi en behoort eersdaags in volle werking te wees. Uitvoerders, invoerders en kleinhandelaars kan deur middel van die Data Platform sigbaarheid van hul verskaffers verkry en dit behoort vir alle rolspelers in die waardeketting 'n aansporing te wees om by SIZA te registreer as lid.


Jaarlikse ledegeld (BTW uitgesluit) is soos volg:

- Vlak 1: Produsent; Produsent / Pakhuis: R750
- Vlak 2: Pakhuis: R1000
- Vlak 3: (Uitvoerder): R1500
- Vlak 4: (Invoerder): R5000
- Vlak 5: (Kleinhandelaars): R7500

## SIZA-ledetal per provinsie:




## SIZA-ledetal per vruggroep:




## Ooreenkoms tussen SIZA en die Sedex-stelsel

SIZA is in gesprek met Sedex om 'n koppelvlak tussen die twee stelsels in te stel wat wedersydse elektroniese inligtingsoordrag moontlik sal maak. Dit sal die huidige administrasie verminder. Dit is 'n tydrowende proses en SIZA sal intussen voortgaan om persele onder die Vrugte Suid-Afrika (FSA) AB-rekening te bestuur, wat aan kliënte sigbaarheid van hul verskaffers gee. Vir meer inligting, kontak Mariessa Erasmus by info@siza.co.za

SIZA is ook in gesprek met die Business Social Compliance Initiative (BSCI) om dieselfde soort diens aan Europese kopers te bied. Die BSCI het nog nie 'n amptelike besluit hieroor geneem nie, maar besprekings vind tans hieroor plaas. SIZA sal voortgaan om die proses te dryf.

## Die BSCI se standpunt oor die erkenning van SIZA

Die Business Social Compliance Initiative (BSCI) het sy lede aanbeveel om standaarde, soortgelyk aan SIZA, afsonderlik te beoordeel voordat hulle 'n onafhanklike besluit oor die erkenning van SIZA gaan neem. Die besluit om SIZA te erken berus dus op individuele kleinhandelaars. SIZA sal egter voortgaan om steun vir die SIZA-program by kleinhandelaars, asook lede, te werf. Kleinhandelaars aan wie verlof vooraf toegestaan is, sal sodra die Data Platform ten volle in werking is, volle sigbaarheid van hul verskaffers hê.

## SIZA Data Platform

SIZA-registrasies is nou sigbaar en nuwe lede kan direk op die webwerf registreer by www.siza.co.za. Betalings kan deur verskillende betalingsopsies onmiddellik gedoen word, of deur elektroniese fondsoorplasing (EFO). Die proses is gebruikersvriendelik en maklik om te volg. Sou 'n SIZA-lid registrasie met SIZA wil hernu, moet 'n versoek saam met die lid se persoonlike registrasienommer aan info@siza.co.za gestuur word. Hernuwing van registrasies sal teen einde Julie 2015, wanneer die stelsel ten volle voltooi is, aanlyn beskikbaar wees. Nuut geregistreerde lede kan die SIZA-vraelys ('self-assessment questionnaire' of SAQ) aanlyn of per hand in Afrikaans of Engels voltooi.

Fase 2 van die stelsel se ontwikkeling, wat die oordrag van verslae oor oudits, regstellende aksie, sowel as vordering insluit, sal teen einde Julie 2015 in werking wees. Die stelsel bied volle sigbaarheid van verskaffers, mits toegangsverlof

vooraf verkry is, en behoort uitvoerders, invoerders en kleinhandelaars (lede op vlak 3, 4 en 5) te help om hul verskaffersbasis te bestuur.

## SIZA-program vir die erkenning van arbeidsmakelaars

SIZA is tans besig om die verwarring en gebrek aan kennis wat rondom die indiensneming van werkers deur die gebruik van arbeidsmakelaars bestaan, aan te spreek. Die volgende is 'n opsomming van die regsbepalings en definisies wat op die indiensneming van werkers, deur die gebruik van verskillende soorte arbeidsmakelaars, van toepassing is:

Tydelike werkverskaffingsdienste word omskryf as 'n persoon of besigheid wat werknemers aan 'n kliënt voorsien om werk of dienste te verrig. Sulke werknemers word betaal deur die persoon of besigheid wat die werknemers aan die kliënt verskaf het. 'n Tydelike werkverskaffingsdiens is dus 'n werkgewer in eie reg en moet by SARS geregistreer wees.

Werwingsagentskappe is verantwoordelik om tydelike of permanente werkers te werf, maar sulke werkers word deur die produsent betaal. Agentskappe moet, in terme van Artikel 24 van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (1998), as 'n werwingsagentskap by die Departement van Arbeid geregistreer wees.

Onafhanklike kontrakteurs word deur werkgewers gebruik vir 'n spesifieke uitkomsgebaseerde taak. Die werkgewer het egter geen regsbevoegdheid oor werkure en die toerusting of gereedskap wat gebruik word nie, maar betaal slegs vir 'n bepaalde resultaat of uitkoms wat vooraf gekontrakteer is. Voorbeelde hiervan is elektrisiëns, loodgieters, bou-aannemers en besproeiingsdienste.

Die SIZA-standaard stel duidelike vereistes wat die gebruik van arbeidsmakelaars deur produsente betref. Enige nie-voldoening wat teen so 'n agent aangeteken word, sal teen die perseel tel as nie-voldoenings. Derhalwe werk SIZA nou saam met WIETA en ander belangegroepe in die bedryf aan 'n opleidings and erkenning program vir arbeidsmakelaars. Opleiding sal op regsvereistes en die voldoening aan arbeidswetgewing toegespits word.

Die eerste opleidingsiklus vir 47 arbeismakelaars en derde party etiese oudits vir sowat 10 van hierdie diensverskaffers sal in Junie 2015 in die Wes-Kaap bekendgestel word. Die doel van die program is om 'n lys van erkende diensverskaffers, wat elk opleiding en 'n derde party oudit ontvang het, aan produsente beskikbaar te stel. Indien produsente van hierdie dienste gebruik maak, is hulle verseker dat hulle sal kwalifiseer. (Verdere opleiding is onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse.)

SIZA-lede word aangeraai om, sodra hierdie lys beskikbaar is, slegs hierdie erkende diensverskaffers te gebruik. Indien 'n produsent egter 'n ander agentskap of een wat nog nie geoudit is nie gebruik, moet die produsent die nodige stappe doen om seker te maak dat die agent voldoen aan die nodige wetgewing en sy werkers behandel soos deur die arbeidswetgewing vereis word.

## SIZA kapasiteitsbouprogram

Gedurende 2014 tot en met April 2015, is 163 werkswinkels om etiese handelsfasiliteerders (ETF) op te lei, landswyd aangebied. 120 Werkswinkels was gerig op werkerverteenwoordigers en toesighouers, terwyl 43 werkswinkels op intermediêre vlak aangebied is. 'n Totale aantal van 3038 deelnemers is bereik waarvan 2319 werkers was. ETF-werkswinkels duur twee dae en bied 'n omvattende oorsig van die SIZA-program en -standaard.

Diensverskaffers wat deur SIZA erken en opgelei is, het by SIZA aansoek gedoen om befondsing. Hierdie befondsing is verkry vanaf en verskaf deur die IDH (Sustainable Trade Initiative) en die Departement van Landbou (Wes-Kaap).

Vanjaar se opleidingsrooster is reeds opgestel. Vir verdere inligting oor werkswinkels van Junie tot Desember 2015, asook die opleidingsdiensverskaffers wat hierdie werkswinkels aanbied, skakel met Zaitun Rosenberg by zaitun.rosenberg@gmail.com. Befondsing vir werkswinkels verval teen einde 2015.



**Intermediêre ETF-opleidingsgroep**

## SIZA VISA-program

SIZA VISA is deur die SIZA-program ontwikkel as 'n hulpmiddel in die werkplek en om produsente en werkers te help met hul behoeftes vir induksie-opleiding. SIZA VISA word landswyd aangebied. SIZA-lede wat graag 'n gratis DVD en opleidingspakket wil ontvang, is verplig om eers 'n bewusmakingsessie by te woon waarin verduidelik word hoe om opleiding intern aan te bied. Bewusmakingsessies duur sowat 90 minute en moet NIE verwar word met die SIZA etiese handelsfasiliteerder (ETF) werkswinkels wat twee dae duur en breedvoerige inligting oor die SIZA-standaard verskaf nie.

Diegene wat 'n opleidingspakket ontvang het, kan dit gebruik om interne opleiding op 'n deurlopende basis aan te bied. Werkers wat SIZA VISA-opleiding ontvang het, sal 'n SIZA VISA-kaart as bewys van opleiding ontvang. Produsente hoef nie opleiding te herhaal vir werkers wat deur 'n kaart kan bewys dat hulle reeds opgelei is nie. Die SIZA VISA-opleidingspakket sluit ook drie plakkate en 'n stel SIZA VISA-werkerskaarte in.

As deel van die program, gaan 'n databasis ontwikkel en beskikbaar gestel word waarin die besonderhede van werkers wat reeds opgelei is, opgeneem sal word.

<u>Die jongste SIZA VISA-statistiek:</u>

- 'n Totale aantal van 682 deelnemers het SIZA VISA-werkswinkels bygewoon.
- Sowat 92,987 werkers sal deur deelnemers aan die program bereik word.
- Sedert die program in Februarie 2015 bekendgestel is, het 42% SIZA-lede aan die SIZA VISA-program deelgeneem.




**SIZA VISA-bewusmakingsessie**

## Omgewingsraamwerk

SIZA en die World Wildlife Fund (WWF) beoog om met die Business Social Compliance Initiative (BSCI) te skakel oor die moontlikheid om die Suid-Afrikaanse omgewingsraamwerk te erken. Die BSCI het 'n omgewingstandaard deur die Business Environmental Performance Initiative (BEPI), wat deur die Foreign Trade Association (FTA) ingestel is, ontwikkel. Die doel van skakeling met die BSCI is voorts om wedersydse erkenning en samewerking te verkry en om duplisering van omgewingsekerheid te verhoed.

Die Suid-Afrikaanse omgewingsraamwerk word steeds in die praktyk op die proef gestel en sal in die laaste ses maande van 2015 deur die Global Social Compliance Programme (GSCP) beoordeel word.

SIZA
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA